

Woensdag 20 Junie

Skrifgedeelte: Nehemia 4:12-20

Fokusgedeelte: Nehemia 4:14

Glo God se beloftes en doen wat Hy vra!

Nehemia het nie naïef die groot taak van die opbou van die muur aangepak nie. Hy word deur sy spioene gewaarsku en tref voorsorgmaatreëls. Hy bewapen die volk. Daar-voor verdeel hy hulle in spanne: party moet waghou en ander moet die werk doen. Die bouers het hulle swaarde om hulle heupe vasgegorde. Nehemia tree as koördineerder van die verdedigingsmag op en stel 'n ramshoringblaser aan om hom te vergesel om alarm te maak in geval van 'n aanval.

Nehemia maak die volk ook geestelik weerbaar toe hy sien dat hulle bang word. Hy herinner hulle aan die Here: "Dink aan die Here, groot en ontsagwekkend." Hy roep hulle op tot geloofsvertroue in God: "God sal vir ons die stryd voer."

In die tuin van Getsemane, toe Jesus se vyande in die persoon van sy verraaier Judas Iskariot en die bende tempelpolisie Hom kom vang het, het Hy vir sy dissipels gesê: "*Waak en bid, want julle weet nie wanneer die versoeking julle oorval nie.*" Gebed sonder waak-saamheid is aanmatiging. Waaksaamheid sonder gebed is sondige selfvertroue.

Bid dus elke dag sonder ophou! Moenie eers as die nood daar is, bid nie, maar wees geloofsfiks, wees bidfiks. Waak en werk intussen vol ywer met die sekere wete dat ons God vir ons die stryd voer.

Sing: Psalm 105-1:5

Ds. Simon Hibbert (Koster)